

24 Oktober

1 Petrus 1:1-9 (1:6-7)

As kosbare geloof getoets word

Die toegewyde goudsmid van ouds gooi sy kosbare gouderts in 'n gloeiende vuuroond. Kort voor lank is die erts 'n kokende, borrelende massa. Met groot sorg en omsigtigheid skep hy die drywende onsuierhede af. Met hierdie moeisame proses gaan hy voort totdat hy sy eie gelaatstrekke in die blinkende, kokende goud-massa kan herken. Dan weet hy hy het sy doel bereik, die goud is bewaar en gesuiwer. Dit is nogal opmerklik dat as ons in ons daaglikse lewe een of ander goud-artikel sou raakloop ons eerste spontane reaksie gewoonlik is: Is dit werklik "eg" of sommer maar net "oorgeblaas"? Ons sou dan ook presies hierdie vraag op ons geloofslawe van toepassing kan maak, want beide, geloof en goud, sou absoluut waardeloos wees tensy dit eg is. En wat meer is: is geloof ook nie soveel "meer werd as goud wat vergaan" nie?

Hierdie uiters kosbare besitting, ons geloof, kom so dikwels nog in 'n onvoltooide en onsuier vorm in ons lewe voor - gemeng met allerhande sondige wêreldse onsuierhede soos my eie selfsug, begeertes, ens. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat ons geloof aan een of ander gereedmakingsproses onderwerp word om ons sodoende gereed te kry vir die (onverwagte) wederkoms van Jesus Christus. Beproewings en swaarkry is hierdie suiweringsproses (vuuroond). Dit kan op so baie maniere in my lewe voorkom, in die vorm van dood, siekte, finansiële druk, onsekerheid oor die toekoms, ens. Hierdie proses wat in my lewe plaasvind word egter wonderlik deur die ewige Goudsmid ontwerp en bestuur; dit vernietig sonde en ongeloof maar laat jou en jou geloof behoue bly (die goudsmid se bedoeling is mos om die metaal suiwer te bewaar sonder enige allooie). Wees ook verder getroos: Die goudsmid (vers 6) weet presies wanneer dit nodig is ("as dit nodig is"); hoe lank hierdie proses moet duur ("n kort tydjie") en wat die omvang ("allerhande beproewings") van hierdie suiweringsproses moet wees.

En dink net aan die wonderlike uiteinde: Jesus Christus hou onvermoeid hiermee vol totdat sy gelaatstrekke in jou lewe sigbaar word.

Sing: Psalm 42:5, 7

Ds. D.P.J. Erasmus (Jeffreysbaai)